

Sing vooraf: Psalm 86:1 (p. 431)

- 1 HEER, my God, ontferm U oor my, / luister na my stem, verhoor my!
'k Is ellendig, diep in nood, / gans en al van hulp ontbloot.
O bewaar my, U 's almagtig; / maak my weer u guns deelagtig;
red u kneg, verlos my nou, / waar 'k alleen op U vertrou.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 89:1 (p. 444)

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die eewige guns wat U aan ons bewys het;
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.

Geloofsbelydenis: Nicea

Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid vir vergewing van ons sondes met Psalm 25:8

Wet

Psalm 25:8 (p. 117)

- 8 O my God, ontferm U oor my / in my diepe ongeluk;
eensaam is ek – o verhoor my! – / gans ellendig en in druk.
Om my heen, aan alle kant, / is die skrik van duisend dode;
laat dan, HEER, u regterhand / my verlos uit al my node.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 34:8 (p. 169)

- 8 Die HEER's die hart naby / wat gans verbroke is en verskeur.
Die gees wat diep verslae treur, / verlos, bemoedig Hy.
Hoe kom hul altyd weer, / die teespoede van wie hier
regverdig leef; maar Gods bestier / red hulle keer op keer.

Skriflesing: Lukas 11:14-37

Teks: Lukas 11:21, 22

Wanneer 'n sterk man wat goed gewapend is, sy huis bewaak, is sy besittings in veiligheid. Maar as een hom oorval wat sterker is as hy en hom oorwin, neem hy sy volle wapenrusting weg waar hy op vertrou het, en deel sy buit uit. (Lukas 11:21-22 AFR1953)

Die Here het die bewondering van die skare op Hom gevestig toe Hy hierdie duiwel uitgedryf het.

- Dit was 'n baie moeilike geval, want ons lei uit die beskrywings van die ander evangelies af dat die persoon doof, stom en blind was.
- Die spesifieke Griekse woorde wat daar gebruik word, dui daarop (vergelyk Matteus 12:22-30 en 38-45; Matteus 9:32-34 en Markus 3:22-27).

Die feit is dat die duivel alle moontlike toegangspaaie in hierdie mens in, geblokkeer het.

- Hy het probeer om enige vorm van hulp of verlossing vir hierdie man te voorkom.
- Die Here Jesus het die duivel toe gedwing om uit die man uit te gaan.
- Die man kon toe praat – daar moet bygedink word dat hy ook kon hoor en sien.

Ons gee in hierdie preek aandag aan die betekenis van hierdie gebeurtenis vir ons, en daarmee saam aan die duivel se houvas op mense en hoe ons daaruit kan loskom. Om dit te kan doen, kyk ons na die volgende sake:

- 1. Die duivel bring sommige mense in haat en verset teen die Here Jesus.**
- 2. Die duivel laat ander mense twyfel en die gesag van Jesus bevraagteken.**
- 3. Hoe kom ons daaruit los?**

1. Die duivel bring sommige mense in haat en verset teen die Here Jesus.

Die oomblik toe die Here Jesus die duivel verslaan en hom uit hierdie mens uitdryf, val hy die Here Jesus van twee ander kante af aan.

- Die gebeurtenis het 'n deel van die skare in bewondering gehad.
- Hulle het begin besef dat Jesus dalk die beloofde Messias kon wees (vgl. Matteus 12: 23).
- Vir die duivel was dit natuurlik die verkeerdste ding wat kon gebeur, daarom begin hy dadelik met 'n nuwe aksie.

Kyk hoe slinks is die duivel:

- Terwyl 'n deel van die skare Jesus bewonder,
- begin 'n ander deel dadelik om die krag van Jesus se werk te blus.

Die aanslag was bedoel om die mense teen Jesus te laat huiwer en gemeenskap met Hom te laat verbreek. Dit is waarom die ander evangelies se weergawe die waarskuwing om nie teen die Heilige Gees te laster nie, byvoeg (Matteus 12:31-33).

In hierdie aanslag gebruik die duivel die kerkleiers om die skare se gesindheid te probeer swaai en 'n afsku teen Jesus op te werk (v. 15).

- Matteus onthou dat sommiges uit die skare gewonder het of Jesus dalk die verwagte Dawidseun was.
- Die kerkleiers wou dit verhoed, want die oomblik wanneer dit gebeur, sou hulle hul houvas op die kerk verloor.

Hulle kon die wonderwerk wat Jesus gedoen het nie ontken nie, want die geneesde man het tussen hulle gestaan en praat.

- Daarom gaan hulle die ander pad op en koppel die wonder aan die duivel self.
- Jesus word daarvan beskuldig dat Hy in die naam van Beëlsebul (die hoof van die duiwels = Satan self) die duivel uitgedryf het.

Die Here antwoord op hierdie beskuldiging dat 'n ryk wat teen homself verdeel is, ten gronde gaan (v. 17). Dit sou ook waar wees as die duivel teen homself veg (v. 18).

- Met hierdie woorde het Jesus die bal vir hulle teruggegooi: as Hy deur Beëlsbul die duiwels uitdryf, deur wie doen hulle volgelinge dit?
- Dan moes hulle antwoord dat hulle volgelinge dit ook deur Beëlsbul doen.
- Daarteen sou die Fariseërs se leerlinge baie sterk beswaar maak.
- *Al gevolgtrekking wat oorbly, is dat Jesus dit doen met God se krag.*

Hierdie feit is verskriklik belangrik, want dit dra die onmiddellike boodskap dat hulle daaruit kan sien dat die koninkryk van God naby aan hulle self gekom het, want hulle pluk nou die vrugte daarvan in hulle eie geledere (v. 20).

Die toestand word toegepas met 'n gelykenis waardeur die Here vertel hoe die duiwel (wat 'n sterk man is) sy eiendom (mense) bewaak.

- Hy voel sy eiendom is veilig, want hy het die regte wapens (v. 21). Maar dan kom daar 'n sterker Man (Jesus Christus) en verslaan hierdie ander man en vat sy besittings (gelowiges).
- Daarmee plaas die Here Jesus die duiweluitdrywing wat Hy gedoen het in perspektief: **Hy neem die duiwel se slagoffers van hom af weg, en bevry hulle met sy verlossingswerk.**

Die Here beroep Hom op 'n feit wat die mense wat by Hom was, blykbaar goed geken het:

- In die Satan se ryk is daar 'n vaste samehang.
- Daar is geen verdeeldheid nie.
- Die eenheid in die Satan se ryk is daarop gemik om teen die Here in verset te wees en om die mense aan die duiwel te onderwerp.

Die beeld kom natuurlik uit Jesaja 49:24, 25 waar dieselfde dinge geprofeteer word.

- Daar word die beeld gebruik van 'n sterk soldaat wat krygsgevangenes aanhou.
- Dan kom daar 'n sterker persoon wat die gevangenes by hom afneem en verlos.

Die gelykenis wat die Here Jesus vertel van die sterk man en die sterker Een wat sy besittings afneem, is die stryd wat daar is tussen die ryk van die Satan en Jesus Christus.

- Die Here Jesus gebruik die gelykenis van Jesaja saam met die teenwoordigheid van die man uit wie Hy die duiwel uitgedryf het om die skare daarop te wys dat Hy die Sterker Man is.
- Hy is reeds besig met sy verlossingswerk – die teenwoordigheid van die man uit wie die duiwel uitgedryf is, is juis 'n bewys daarvan.

Wat die saak nog duideliker maak, is die feit dat Jesus sê dat Hy die duiwel uitgedryf het deur “God se vinger”.

- Dit is presies dieselfde woorde wat die Egiptenare gebruik het tydens die muskietplaag.
- Hulle het ook gesê: “Dit is die vinger van God!” (Exodus 8:19).
 - *Wat belangrik is om raak te sien, is dat die Egiptenare dit gesê het toe die Here besig was om sy volk uit Egipte te verlos.*
 - *Nou gebruik Jesus Christus dieselfde woorde terwyl Hy besig is om sy uitverkorenes uit die mag van die Satan te verlos.*

Daar is 'n eis dat die mense wat staan en luister, standpunt moet inneem (vers 23).

- By wie skaar dié mense hulle?
- By die Here of by die duiwel?
- Hierdie eis word ook op ons toegepas.

In die Here Jesus se Persoon en werk het die koninkryk van God so naby aan hulle gekom dat hulle saam belewe het hoe die Here Jesus een van hulle uit die Satan se hande uitgeruk het.

- Daarom die eis: Waar staan julle?
- As julle teenoor Jesus Christus staan, sal julle weerloos teen die Satan bly.

Dit geld ook die mens uit wie die duiwel uitgedryf is. Hy kan nie in 'n vakuum verder gaan nie.

- Hy moet die Heilige Gees in hom laat intrek, anders gaan die duiwel wat nou net uit is, terugkom met sewe ander duiwels wat almal erger is as hy.
- Die duiwel sal hom net soos enige ander mens nie met rus laat nie – dink net waar eindig so 'n mens dan.

In die gedeelte oor die bose gees beklemtoon die Here Jesus dat dit gaan oor “leeg bly”.

- 'n Mens moet sorg dat jy gevul is, maar dan met die regte inhoud.
- Die geneesde sal moet toesien dat sy lewe en sy liggaam blywend deur die Here Jesus in beslag geneem word, anders gaan die duiwel hom weer aanval en hom in 'n baie slegter toestand plaas as wat hy tot nou toe was.

Daarom geld die uitspraak van die Here ons net soveel as wat dit waar was vir die klomp mense wat daardie dag rondom Jesus gestaan het:

- Die wat teen Hom is, werk ten gunste van die Satan.
- As ons ons nie laat vervul met die Heilige Gees en die vrees vir die Here nie, val die duiwel ons ook aan, net soos wat hierdie duiwel sou terugkom met ander duiwels wat nog slegter is as hyself (v. 24-26).

2. Die duiwel laat ander mense twyfel en die gesag van Jesus bevraagteken.

Lukas vestig ons aandag daarop dat daar twee groepe was wat teen Jesus was.

- Die een groep was die wat reguit gesê het dat Jesus in die naam van Beëlsebul duiwels uitdrijf.
- Nadat Hy die Beëlsebul-aanklag afgehandel het, hanteer Jesus die tweede deel van die aanval, naamlik die teken wat hulle gevra het (v. 29).

Die groep wat nou teenoor Jesus staan, is die twyfelaars.

- Die saak waaroor dit gaan, is dat hulle sy bevoegdheid bevraagteken.
- Hy moet 'n teken uit die hemel gee wat bewys dat God Hom bevoeg gemaak het om duiwels uit te dryf (v. 16).
- Dit is duidelik (perfektum) dat hulle dit herhaaldelik gevra het.

Die antwoord wat die Here gee, val in twee dele uiteen.

- Die eerste gedeelte raak die onsekeres en die tweede gedeelte gaan oor die oog wat die bron van lig van die liggaam is.
- Die Here motiveer dit wat Hy sê met 'n gelykenis: 'n Lamp word op 'n plek neergesit waar dit vir almal lig verskaf (v. 33).
- As die liggaam se lamp goed is, verlig dit die hele liggaam, maar as die lig onsuiver is, dan val die donker in die liggaam in (v. 34).

Dit beteken dat waar daar ware aanbidding is, daar ware verligting is (v. 37).

- Elke mens het dus die verpligting om toe te sien dat daar ware aanbidding is sodat die lig van God se heerlijkheid in sy lewe kan inskyn (v. 36).
- Hulle het mos nou met hulle eie oë gesien hoe die lig van God op hierdie besetene geval het, maar dit kon nie in hulle liggame indring nie.

Hulle wou iets gehad het soos wat op Karmel gebeur het toe die Here met 'n weerligstraal uit die hemel alles verteer het (vgl. 1 Konings 18 en 2 Konings 1:10, 12).

- Hulle is dus nog steeds donker in hulle binnekante.
- Die Here se hantering van die saak stel die twyfelaars aan die kaak.
- Hulle twyfel omdat hulle nie hulle oë oopmaak nie, en ook nie insig aan die dag lê nie.

Normaalweg sal ons met mense wat twyfel baie geduld hê, maar die Here Jesus noem hulle reguit 'n **bose geslag**.

- Die versoek dat daar 'n teken uit die hemel moet wees, kom dus ook direk van die Satan af.
- Dit het nie vir hulle gegaan oor genesing of oor hulle eie geloof nie.
- Vir hulle het dit duidelik daarvoor gegaan dat Jesus Homself moes identifiseer.
 - Die duiweluitdrywing self was nie genoeg nie.
 - Hulle wou 'n teken uit die hemel hê waardeur Jesus Homself kon bevestig as God se Gesant.

Hulle het verwag dat Jesus moes kon aantoon dat Hy enige oomblik God se krag tot sy beskikking het.

- Die versoek is dus niks anders as 'n versoeking nie, want die teken sou beslis nie wees om God se eer te dien nie, maar om hulle menslikheid te bevredig.
- Die poging was bedoel om die Here Jesus Christus tot sonde te verlei, want as Jesus sou gehoorsaam, sou waar word wat die duiwel probeer doen het toe hy Jesus versoek het net na sy doop.
- Toe wou die duiwel hê Jesus moes hom aanbid.

Let op na wat die duiwel doen as hy gelowiges aanval:

- Die duiwel keer die orde om.
- Hy wil hê God moet Hom voor die mens verantwoord oor wie Hy is.
- Terwyl dit die mens moet wees wat hom voor God moet verantwoord oor waarom hy nie kan of wil glo nie.

Dit is waarom die Here Jesus die gedeelte afsluit met 'n geweldige skerp verwyf. Die Here is niks aan die klomp twyfelaars verskuldig nie.

- Hy gaan hulle tot verantwoording roep.
- Jesus wys die twyfelaars op Jona (v. 30) en ook op die koningin wat uit die Suide gekom het om Salomo se wysheid te hoor.
 - Hierdie koningin het baie ver gereis om Salomo se wysheid te hoor.
 - Sy gaan teen die Jode getuig in die eindgerig, want Jesus is meer as Salomo (v. 31).
 - Dieselfde gaan gebeur met die Nineviete wat tot bekering gekom het toe Jona vir hulle gepreek het.
- Nie een van hierdie twee stelling mense het enige teken uit die hemel gekry nie. Tog het die Nineviete dadelik tot bekering gekom.

Jesus verklaar dat daardie mense in die oordeelsdag sal opstaan en teen hierdie klomp wat nou 'n teken uit die hemel vereis, gaan getuig. *Die implikasie is dat die getuienis van die wat geglo het sonder 'n teken uit die hemel, gaan aanleiding gee dat hierdie mense wat 'n teken eis, in die hel gegooi moet word.*

3. Hoe kom ons daaruit los?

Ons verlossing lê in die geloof en aanbidding van die Here Jesus Christus.

- Die Here Jesus is self die openbaring van God. Hy is die teken uit die hemel – ons moet dit net sien.
- Ons moet die effek van sy verlossingswerk ook kan sien en ons eie maak.
- Die koninkryk van die Here word nie met ander tekens uit die hemel aan ons bevestig nie as deur die verlossingswerk wat Jesus Christus aan die kruis gedoen het.
- Sy opstanding uit die dood, sowel as sy hemelvaart en die uitstorting van die Heilige Gees, is niks anders nie as direkte tekens uit die hemel.

Terwyl die Here besig was om oor hierdie dinge te praat en te verduidelik dat daar in jou lewe iets moet gebeur dat jy jou wapens teen die duiwel opneem, toe roep daar 'n helder vrouestem uit dat Maria salig is omdat sy 'n Seun soos Jesus het.

- In die vrou se uitroep ontbreek daar belangrike dinge, maar daar is tog ook iets positiefs.
- Die positiewe is dat haar uitroep suggereer dat sy haar aan Jesus se kant teen die duiwel skaar.
 - Sy is nie meer op dieselfde vlak as die eerste twee groepe wat die Here aangeval het nie.
 - Sy begin al iets verstaan van dit wat Jesus preek.
- Die leemte is dat haar uitroep niks met haar persoonlike geloofsverhouding met die Here te doen het nie.

Wat maak die Here Jesus met haar uitroep? Jesus stel die hele saak weer 'n keer in perspektief:

- Jy is net salig as jy God se Woord hoor en dit bewaar (v. 27-28).
- Hy ontken nie die verhouding wat daar tussen Hom en sy ma is nie.
- *Maar Hy onderstreep dadelik die beter band wat daar tussen Hom en sy hemelse Vader is: **Salig is hy wat God se woord hoor en dit bewaar.***
- Die engel het ook gesê Maria is salig, maar daar is darem ook gesê dat 'n swaard deur haar siel sal gaan.

Die saligheid wat God gee, is beter, hoër en onbreekbaar.

- Hy wat Jesus is, het juis hierdie saligheid naby hulle gebring.
- Die man uit wie die duiwel uitgedryf is, is die bewys:

Aangesien Ek deur die vinger van God duiwels uitdrijf, het die koninkryk van God inderdaad tot by julle gekom. (Lukas 11:20 AFR1983)

Dit is wat hulle moet bewaar. Die Here Jesus is juis besig om die woorde en beloftes van die Vader waar te maak met die verlossingswerk wat Hy verrig.

- Die verlossingswerk van Jesus Christus plaas inderdaad 'n hele klomp verantwoordelikheid op ons.
- Ons moet presies soos die mense wat rondom die Here gestaan en luister het, standpunt inneem (vers 23).
 - Ons moet ons by die Here skaar.
 - Hierdie eis word dringend voor ons deur gelê.

In Jesus se Persoon en werk het die koninkryk van God so naby aan ons gekom dat Hy sy Heilige Gees op ons uitgetort het.

- Hy het ons uit die Satan se hande uitgeruk.
- Daarom moet ons besef dat as ons teenoor Jesus Christus staan, ons weerloos teen die Satan sal bly.

Ons kan nie in 'n vakuum lewe nie – ons moet die Heilige Gees in ons laat intrek, sodat ons hele lewe en ons liggame blywend deur die Here Jesus in beslag geneem word, anders gaan die duiwel ons ook met sewe ander duiwels betrek. Die duiwel wil en sal ons nie met rus laat nie.

Luister hoe moedig die Heilige Gees ons aan om ons geloof skerp te hou:

As julle dan saam met Christus opgewek is, soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit. Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie.

Want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God. (Kolossense 3:1-3 AFR1953)

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 84:1, 2 (p. 424)

- 1 Hoe lieflik is u wonings, HEER / der leërskaars! Hoe begeer my siel en hunker van verlange / om na Gods woning op te gaan en in u tempelpoort te staan / met jubelende lofgesange. My hart en vlees, o God, roep luid / tot U wat leef, verlangend uit.
- 2 Die mossie vind 'n huis, o HEER, / die swaeltjies lê in nessies neer; en ek vind rus by u altare, / waar U vir my 'n woning maak en U, my Koning, my bewaak. / Gedugte HEER der leërskaars, welsalig wie in u paleis / U altyddeur mag loof en prys!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 20 Januarie 2008